

## **SARS VERDUIDELIK KWESSIES RONDOM SOSIALE BEÏNVLOEDERS**

**5 September 2025** — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het kennis geneem van inligting wat in die openbare domein sirkuleer rakende die belasting van sosiale beïnvloeders. SARS wil graag sy standpunt rakende hierdie kategorie te verduidelik. SARS se wetlike mandaat is om alle inkomste wat aan die staat verskuldig is, in te vorder, belastingnakoming te verbeter, en wettige handel te fasiliteer.

SARS lewer hierdie mandaat deur sy strategiese oogmerk om 'n belasting- en doeanestelsel te ontwikkel en te administreer wat op vrywillige nakoming berus. In beginsel word SARS se nakomingsteorie ondersteun deur die aanname dat alle belastingpligtiges eerlik is en gehelp wil word om hul verpligtinge na te kom.

Om eerlike belastingpligtiges te help, wat gewillig is om nakomend te wees, doen SARS die volgende:

1. Verskaf duidelikheid en sekerheid aan belastingpligtiges en handelaars oor hul belastingverpligtinge.
2. Maak dit maklik vir belastingpligtiges en handelaars om hul verpligtinge na te kom.

SARS is bewus daarvan dat nie alle belastingpligtiges se behoeftes dieselfde is nie. SARS is volgens segmente georganiseer, wat die organisasie in staat stel om na verskillende belastingpligtiges se behoeftes om te sien. Aanvullend tot hierdie segmentering gebruik ons data om pogings te versterk om 'n kultuur van vrywillige nakoming te versterk, terwyl risiko's bestuur word.

SARS het sy segmenteringsmodel uitgebrei. SARS erken die volgende segmente: standaardbelastingpligtiges (bestaande uit belastingpligtiges met 'n enkele inkomste en eenvoudige opgawes); groot en internasionale besighede; hoë-welvaart-Individue; openbare weldaadsorganisasies; prominente en verwante entiteite; boedels; belastingpraktisyns; en werkgewers.

Die jongste toevoegings tot hierdie segmenteringsmodel is nasionale en provinsiale regering; sosiale beïnvloeders; en die “gig”-ekonomie (vryskutekonomie). Die segment van sosiale beïnvloeders bestaan uit moderne entrepreneurs, wat as

alleeneienaars of onafhanklike kontrakteurs geklassifiseer kan word. Dit is tegnologies-vaardige individue wat 'n nis in die mark geïdentifiseer het om 'n veralgemeende lewering bied wat op hul sosiale aanhangerskap steun. Met die bestuur van hierdie segment sal SARS elke geval individueel hanteer volgens die huidige inkomstebelastingskale. Sommige van hierdie gevalle kan oor die algemeen binne die voorlopige-belastingpligtigeskategorie val.

Vir elk van hierdie segmente het SARS 'n betrokkenheidsmodel waarvan die eerste stap is om helderheid en sekerheid te verskaf en dit maklik te maak vir belastingpligtiges om hul verpligting na te kom. Ons werk saam en deur belanghebbendes en vennote om SARS se mandaat uit te voer. Hierdie segmentformaat sal spesifiek na hierdie groep belastingpligtiges omsien en nakoming verseker. Vir hierdie groep is bewusmaking van hul belastingverpligtinge van kardinale belang.

Ten opsigte van die nuwe segmente, soos die sosiale beïnvloeders-ekonomie, verstaan SARS dat tradisionele bemarkingsveldtogte toenemend gedigitaliseer word deur slim tegnologieë. SARS vind oor die algemeen dat meeste bemarkingsbegrotings sosiale persoonlikhede kontrakteer om hul beeld aan digitale platforms te verleen. Dit is 'n verskuiwing weg van gevestigde bemarkingshuise na individue met 'n aansienlike aanhang. Soos die bemarkingbestedingsamestelling in reaksie op hierdie verskuiwings verander, pas SARS ook sy opvoedkundige en nakomingsinisiatiewe aan. Digitalisering en gepaardgaande ekonomiese aktiwiteit het ongetwyfeld die wêreld van werk fundamenteel verander, en die "gig"- en deelekonomie is in hierdie opsig noodsaaklik.

Belastingskale word bepaal deur inkomste soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Inkomstebelasting, 58 van 1962 (ITA). Derdepartydatabronne speel 'n deurslaggewende rol in die bepaling van waar elke belastingpligtige in terme van inkomstevlak geklassifiseer word. Dit moet benadruk word dat dit die sosiale beïnvloeders se wetlike verpligting bly om alle inkomste wat ontvang word, aan te dui.

Volledige vrywillige blootlegging is noodsaaklik. Ongeag hoe sosiale beïnvloeders vergoed word — hetsy met produkte, dienste of reise — alles hiervan word as inkomste (ITA) beskou en moet ooreenkomstig belas word. Ingevolge ons

nakomingsteorie glo SARS dat belastingpligtiges eerlik is: wanneer hulle helderheid en sekerheid het oor hul verpligtinge, voldoen hulle vrywillig. SARS glo dat sosiale beïnvloeders eerlik sal verklaar wanneer hulle voldoende ingelig is. In hierdie verband het SARS produkte en video's geskep om hierdie belastingpligtiges te help om aan hul verpligtinge te voldoen. SARS beoog om nog baie meer te doen in terme van uitreiking en opvoeding. Dit sal ook seminare en webinare insluit, en beslissings om belastingpligtiges oor hul verpligtinge in te lig.

Alhoewel die sosiale beïnvloeders-segment sy eie nuanses het, verskil dit nie van ander belastingpligtigesegmente in die opsig dat inkomste wat verdien word verklaar en belas moet word nie. Vryskutwerk is soortgelyk. Burgers wat as sosiale beïnvloeders werk, word aangemoedig om inkomste te verklaar wat uit handelsmerk-samewerking, geborgde inhoud en geaffilieerde bemarking verdien word, hetsy hulle in kontant, produkte of dienste betaal is. Hierdie belastingpligtiges, net soos alle ander, lewer 'n betekenisvolle bydrae tot die gesondheid van ons land en sy demokrasie.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat "SARS daarna uitsien om met hierdie segment saam te werk om helderheid en sekerheid te verskaf, maar ook om aan hulle 'n soomlose belastingpligtige-ervaring te bied." Hy het beklemtoon dat "SARS meer as gewillig is om eerlike belastingpligtiges te help om aan hul belastingverpligtinge te voldoen. Ek herinner sosiale beïnvloeders daaraan om hul kant van die ooreenkoms na te kom."

Vir verdere inligting, kontak asseblief [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).

**EINDE**